# Die Ongeluk

Eendag was daar twee hasies. Hulle name was Liepie en Lappie. Hulle wou baie graag die wereld sien. Maar hulle haas-mammie wou dit nie toelaat nie. Liepie en Lappie was maar net twee maande oud!

Op 'n dag se Haas-mammie: "Ek gaan nou kos soek, julle moet by tannie Mollie Meerkat bly." Liepie en Lappie belowe plegtig dat hulle soet in die huisie sal rondspeel en niks van tannie Mollie se mooi koppies en pierinkies sal breek nie. Toe hulle by tannie Mollie se huisie aankom, staan sy al op die stoepie en wag vir hulle. Lappie het toevallig haar en Liepie se poppies saamgebring om mee te speel. Maar o wee .... net toe tannie Mollie uitgaan om haar tuintjie nat te gooi, raak Liepie en Lappie moeg daarvoor om net pop te speel. Hulle klim met die soldertrappies op en kyk of hulle iets ouliks kry. Liepie kry 'n ou slagystertjie wat baie interessant lyk. Sy peuter met haar pootjie rond en voor sy haar kon kry, sit haar pootjie vas!

"Help, help my tog, Lappie, ek sit vas en dit is baie seer!" skree Liepie. Lappie weet sy moet vir dokter Springhaas gaan haal. Hy sal raad vir Liepie he. Sy hardloop so vinnig as wat haar beentjies haar kan dra en sommer op pad na sy huisie, skree hy al:"Dokter Springhaas, kom help!" Die dokter, wat intussen al die geskree gehoor het, kom uit met sy tassie en hardloop agterna. Dokter Springhaas klim op in die solder en daar kry hy die gillende Liepie met haar poot in die slagystertjie. Hy roep vir tannie Mollie en sy bring 'n botteltjie ingemaakte kruie en louwarm water. Hy haal Liepie se pootjie versigtig uit terwyl Lappie angstig staan en kyk of haar sussie nie dalk iets oorgekom het nie. Maar nee, die dokter ontsmet net die seer pootjie met die kruie en water.

"Tokke-tok", klop Haas-mammie aan die deur. Lappie gaan maak oop en sy kom in. Sy hoor vir dokter Springhaas waar hy besig is om 'n verband om Liepie se pootjie te draai en haar so nou en dan troos. Haas-mammie kry haar dogtertjie so jammer. Sy tel vir Liepie in 'n stootwaentjie wat daar rondstaan. Hulle stap doodtevrede huistoe en Liepie sal ook in die toekoms weet hoe lyk 'n slagystertjie! Lappie kom agterna met al hul pop-speelgoedjies.

Vragies:

1. Waarom moes die twee by tannie Mollie bly?
2. Kyk in jou woordeboek bl. 126 wat beteken :"plegtig"
3. Wat het hulle bo-in die solder gekry?
4. Waarvoor gebruik 'n mens die ding?
5. Wie was die dokter?
6. Wat het die dokter by hom reeds gehad?
7. Waarmee het die dokter haar pootjie gedokter?
8. Wat is om die pootjie gedraai?
9. Lettergrepe: maande plegtig pierinkie saamgebring stoepie soldertrappies slagystertjie versigtig dogtertjie
10. Kyk op bl. 9 van jou woordeboek en skryf die betekenis van die woord:"angstig" neer.
11. Verkleining: piering tuin slagyster been bottel poot dogter verband wa solder huis trap